

Sondag 16 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:7 – 8:1

Fokusgedeelte: Romeine 7:21-25

God gee vir ons 'n volkome verlossing sodat ons volkome onder sy wet kan staan

Kortom sê Paulus vir die gelowiges in Romeine dat dit wat hy wil doen, dit doen hy nie, en dit wat hy nie wil doen nie, dit doen hy. Hy is 'n ellendige mens en sal homself nie kan red nie, maar hy word darem gered deur Christus.

Dit klink op die oor af baie plat gestel, maar dit is in essensie wat Paulus vir die gelowiges sê. Paulus wil by hulle tuisbring dat hy die wil van God wil uitvoer, maar hy kan dit nie op sy eie doen nie. Alhoewel hy die wet van God verstaan soos wat Moses dit baie jare vroeër vir die volk gegee het, is dit nie die wet wat hy moet onderhou nie. Hy moet die wet van God onderhou, wat ver meer en dieper gaan as 'n stel reëls wat hy moet nakom. Paulus stel die gemeente en ook vir ons vandag voor die gedagte dat ons volkome verlos is deur Christus. Ons staan nie meer onder wette wat voorgeskryf word nie, maar ons staan onder die verlossing van God deur Christus.

Hierdie verlossing wat volkome is, bring ook met dit saam ons identiteit wat Christus vir ons gee deur die Gees wat in ons woon. 'n Identiteit waar ons nie meer vaskyk in die wette en riglyne en dit aanneem as die bron van verlossing nie, maar daarna sal kyk en besef dat hoe ver verlore ons was. Christus het letterlik 'n wonderwerk verrig om ons terug te bring van daardie ver verlore punt af.

Wanneer ons verstaan ons verlossing is volkome en geheel genoeg, dan kyk ons nie net meer vas in die wette wat voorskriftelik is nie. Dan verander ons hart en gesindheid dat ons so wil lewe dat ons alles wil doen soos God van ons verwag. Juis as gevolg van ons nuwe gesindheid, nuwe ingesteldheid en nuwe identiteit in Christus.

Sing: Psalm 130-1:1, 7, 8

Ds. EA Venter (Erasmus) (Okahandja)